Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
28 Januarie 2018

Eredienste vandag

08:30 10:30	**Wilhelm Leuschner**
Teks:	Matteus 9:13
Tema:	Jesus eet by jou
18:30	**Wilhelm Leuschner**
Teks	Lukas 7:36-50
Tema:	Eet en gaan in vrede!

- **Nagmaal** word VANDAG bedien by al die eredienste.
- Die **Doop** word op 4 en 11 Feb bedien by kontemporêre erediens.
- Peet is met velof van 29 Jan tot 9 Feb.
- Wilhelm is met langverlof van 1 Feb tot 30 April
- Preekrooster:

	08:30 & 10:30	18:30
4 Feb	Wilhelm	Rassie
11 Feb	Rassie	Peet

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel"** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Ermyntrude Foord wat 'n achilles tendon skeur laat opereer het.
- Sloet Grové wat hierdie week begin met radioaktiewe behandeling.
- André van Niekerk wat 'n skoueroperasie ondergaan het.
- Ena Kruger wat in Pretoria-Oos Hospitaal opgeneem is.
- Neels Schutte wat sy broer aan die dood afgestaan het.

Ware liefde

Hoor jou maat se roep soos die houtkapper
vir sy maat roep in Februarie. Ons reël 2 piekniek aande by die kerk, Vrydag 9 Feb en Saterdag 17 Feb vanaf 19h00. Pa en Ma bring 'n piekniek mandjie, kombers/stoele vir 'n romantiese aand met vuurvliegie liggies GEEN koste of RSVP nodig.

Kleuterkerk-, Laerskool- en Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** Kleuters en ouers ontmoet aanbieders 9:30 in die Kleuterlokaal (Jeugkantoor)
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** Kinders en ouers ontmoet 9:30 kleingroepleiers in lokale
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12):** Tieners en ouers kom 17:30 in amfi bymekaar.

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie. (Vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir:** Verdienstelike Sake Buite Gemeente (Admin Buro en andere).

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00 Wilhelm gesels oor die Doop.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00 in lokaal 9.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in die saal.
- Kleingroep G028 se maandelikse **koekverkoping** vind VANDAG plaas tussen die oggend eredienste in die amfi. Fondse word hoofsaaklik gebruik om getraumatiseerde en gestremde volwassenes te ondersteun. Kontakpersoon Dalene Erasmus 0823226458
- 2018 se **Sustersaamtrek** word op 10 Maart deur Brooklyngemeente aangebied by Wapadrant. Skryf asb. jou naam op die lys wat op die kennisgewingsbord in die saal aangebring is. **Sluitingsdatum is 11 Feb. 2018**.
- Jongmense wat **Belydenis van hul geloof** wil aflê kan skriftelike aansoeke stuur na admin@gkwapadrant.co.za. Aansoeke sluit op **31 Januarie 2018.**
- Die **El-phida nuusbrief** is in die bruin kan in die portaal beskikbaar. Dit is ook beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/el-pida-nuusbrief.html

Basaar 3 Maart

Bring asb. plante, ou potte, leë blikke of saailingbakkies kerk toe vir die Wapadrant kwekery. Ons kan die plante tuis kom haal. Kontak ons asb. indien jy bereid is om by die stalletjie te kom help. Madeleine 0721291751

Bring asb. enige ou, bruikbare items (ook skoon, gebruikte klere) vir die *Wit Olifant tafel.* Laat dit in die saal in die area gemerk 'Wit Olifante'. Erhard 0824572286

Die teetuin benodig vrywilligers asook jongmense om as kelners te help. Marinda 0822926176

Kleingroepe wat Potjiekos wil maak, kan Jan Tollig by 0823312756 skakel. Potjies moet 13:00 klaar wees

Die Lekkergoedstalletjie benodig nog die volgende asb:
5 kg witsuiker
2x 160 g klapper
2x boksies Gelatien
2x plakke melk sjokolade ongeveer 200g elk. Kontak Celia by 0832452410

Ons ontvang graag handgemaakte HOUT items vir die basaar. Laat dit in die saal by die kennisgewingbord. Enige ander handgemaakte items is ook welkom (bv. krale, speelgoed, seep ens). Merk dit asb. duidelik "*Handgemaak*". Kontak Ilda by 0823746579

Ons benodig 5 mense om die kaartjieverkope te behartig by die basaar. Elke paar sal in 2-uur skofte werk. Helena 012 991 1395